

Die duiwel se strategiese beplanning

Die duiwel het 'n wêreldwye vergadering van bese magte bymekaar geroep. Hy het vir hulle gesê: "Ons slaag nie om te verhinder dat Christene 'n intieme verhouding met hul Verlosser en met mekaar het nie. Ons kry nie reg om hulle te keer om hul Bybels te lees en te bid nie. Ons sukkel om hulle uit eredienste te hou. As hierdie intieme liefdesverhoudings eers gevestig is, is ons krag oor hulle gebreek.

So kom ons laat hulle vir eers toe om Bybel te lees, te bid en erediens toe te gaan. Ons kan hulle nie voorkeer nie. Maar kom ons jaag hulle!

Kom ons steel hulle tyd. Dan kan hulle nie langer verhoudings bou nie, nie met Jesus nie en ook nie met mekaar nie.

Dit is wat julle moet doen, trek hulle aandag af sodat hulle nie kans het om 'n intieme verhouding met Jesus te bou deur gereeld met Hom tyd deur te bring nie."

"Hoe moet ons dit doen?" skreeu die bese magte

"Hou hulle besig met belangrike, maar nie-noodsaaklike dinge. Gebruik alles moontlikheid om hulle mee besig te hou. Maak hulle programme oorvol en laat hulle dink dit is reg so.

Sorg dat hulle werk soveel as moontlik tyd en energie van hulle vat. Laat hulle dink dat hulle onmisbaar is.

Laat hulle glo dat 'n hele klomp aardse goed noodsaaklike goed is. Dan sal hulle baie geld spandeer en altyd meer wil hê. Hulle sal moet geld leen. Dit sal maak dat pa's en ma's nog langer ure moet werk om hierdie leefstyl te kan bekostig.

Hou hulle te besig om tyd met hulle kinders deur te bring. Soos hulle families uitmekaar val, sal hulle huise nie meer veilige hawens wees weg van die druk van die werk nie.

Bombardeer hul verstand sodat hulle dit onmoontlik vind om stil te word. Sorg dat daar altyd geraas is om hulle. Sorg dat die radio, selfoon en rekenaar altyd aan is waar hulle ookal gaan.

Sorg dat daar altyd en oral leesstof soos tydskrifte en koerante rondom hulle is sodat dit hulle verstand 24 uur van 'n dag besig hou. Moenie hulle rus gee nie. Maak hulle posbusse, ook op die rekenaar, vol pos en gemorspos en advertensies van die volgende ding wat jy moet hê.

Hou egpare te moeg om met mekaar te praat en vir mekaar lief te wees. Dan sal hulle op ander plekke aandag soek en families binnekort uitmekaar begin val.

Maak selfs hulle tye van ontspanning oorvol sodat hulle moeg van naweke en vakansies terugkom. Oortuig hulle dat hulle op al die plekke moet kom waar die bure al was. Maak hulle te besig om God se grootheid in die natuur te sien.

Maak nie saak hoe nie, hou hulle besig, besig, besig!! Oorvloei hulle lewens selfs met baie goeie aktiwiteite by die skool en kerk sodat hulle nie meer tyd sal hê om hulle krag by Jesus te kry nie.

Binnekort sal hulle op hulle eie krag begin staatmaak. Hulle sal hul gesondheid en families verwaarloos. Hulle sal nie meer tyd saam met Jesus deurbring nie. Daarna is verval maklik. Dit sal werk."

Nou is die vraag: Is die duiwel in jou lewe suksesvol met sy plan?

SKRIFLESING

Jesaja 30:1-26 (Jesaja beteken: "die Here bewerk redding")

PREDIKING

Tema: **Ons krag is in stil wees en vertrouwe hê in die Here.**

Ons teksvers is Jesaja 30:15: "So het die Here my God, die Heilige van Israel, gesê: As julle julle bekeer en tot rus kom, sal julle gered word. Julle krag lê in stil wees en vertrouwe hê."

Die groot probleem is dat die duiwel ook hierdie vers ken. Hy oorreed ons dat dit nie waar is nie. Ons moet ons eie planne maak en vertrou op hierdie planne. Ons moet rondhardloop. 'n Oorvol dagboek is 'n suksesvolle dagboek, 'n oorvol program 'n suksesvolle program.

In die tyd van Jesaja 30 hang die skadu van Assiriese ballingskap donker oor die volk van die Here. Ten spyte van waarskuwings van dreigende ballingskap as gevolg van hul sonde, leer hulle nie. Hulle neem nie hulle toevlug tot die Here nie. Hulle maak hul eie planne. Hulle vertrou op geweld en bedrog. So stapel hulle sonde al hoër op. Hulle soek hulp by 'n ander volk. Hulle vertrou op wêreldse mag. Hulle vertrou eerder op Egipte as op die Here.

Die Here sê vir hulle dat al hierdie dinge nie gaan help nie. Ons lees in Jesaja 30:5 dat Egipte nie hulp en bystand sal verleen nie. Die volk sal teleurgesteld staan. Egipte sal skande, vernedering en swaarkry bring. In Jesaja 30: 7 staan daar dat Egipte se beloftes leeg is en die hulp wat hy gee, beteken niks. Daarom het die Here hom die bynaam Rahab gegee. Rahab is 'n mitologiese monster wat niks kan doen nie. Die volk gaan egter voort met die maak van hul eie plannetjies. En nie net dit nie, hulle weier om na God se raad te luister. Ons lees in Jesaja 30:10-11 dat hulle vir die profete en die sieners sê: "Ons wil niks van julle visioene weet nie. Moenie julle vir ons kom vertel wat reg is nie. Kom vertel ons liever wat ons wil hoor, al is dit nie wat die Here vir julle gesê het nie. Gee pad voor ons met julle doemprofesieë. Ons is moeg daarvoor. Ons het meer as genoeg gehad van julle praatjies oor die heilige God van Israel."

Die volk sê: "Hou op om vir ons die waarheid te preek! Vertel vir ons wat ons wil hoor."

Ons sal 'n klomp dinge doen. Ons stel ons vertrouwe in geweld, bedrog en ander mense. Ons het vinnige perde. Maar dan waarsku die Here vir hulle dat hul vyand vinniger perde sal hê. Hy waarku in Jesaja 30:1: "Ellende wag vir die rebelse mense wat planne uitvoer wat nie van My af kom nie, sê die Here, dié wat verdrae sluit wat nie volgens my wil is nie en so sonde op sonde stapel."

Ons lees in Jesaja 30:13-14 dat die volk se sondige lewens soos 'n stadsmuur sal omval en hulle vernietig.

Die Here wil dit nie so hê nie. In Jesaja 30:18 lees ons dat Hy Hom ontferm oor sy volk. Hy is gretig om hulle genadig te wees. Hy wil hulle red en seën. Hy roep hulle op om te kies tussen redding en ondergang. Hier aan die begin van die jaar, wat kies jy?

Vir redding:

1. Vertrou op die Here. Hy is die ontsagwekkende, almagtige, soewereine, heilige God. Wees gehoorsaam aan sy opdrag in Jesaja 30:15 en bekeer jou. Maak 'n U draai. Breek in sy krag met jou eie planne, jou vertrouwe op jouself en in ander mense. Gooi jou afgode soos lappe van jou af weg. Stap weg van hierdie goed en keer terug na die Here. Gee oor aan Hom. Kom by Hom tot rus en jy sal gered word. Tot rus kom beteken om af te skakel soos die ligte en toestelle in jou huis wat jy een na die ander afskakel voor jy in die aand gaan slaap.

In Jesaja 7:9b bevestig die profeet hierdie boodskap van die Here: "Maar ook julle sal nie standhou as julle nie in geloof standhou nie." Leef jy regtig so oorgegee aan die Here?

2. Krag lê in stil wees

Die volk van die Here se krag lê in stil wees. Stil wees beteken letterlik 'n onrustige baba wat in sy of haar ouers se arms gesus word en dan rustig word. So moet ons elke dag in die Here se arms rustig word. Die duiwel weet ons krag lê in stil wees. Daarom gaan hy alles in sy vermoë doen om ons te jaag. Maar ons moet dit nie toelaat nie.

Ons moet stilword in gebed. Ons lees in Jesaja 30:19: "Jy, volk in Sion, jy wat in Jerusalem woon, jy hoef nie meer te huil nie. Die Here sal jou genadig wees as jy na Hom roep om hulp, Hy sal jou gebed verhoor sodra Hy dit hoor." As mense werk, werk mense. As mense bid, werk God en wie kan dit keer? Bid voortdurend, as jy alleen is en by die gemeente se verskeie gebedsgeleenthede.

Ons moet stilword deur te luister na Here se stem. Hy sê vir ons in Jesaja 30: 21: "Wanneer jy die regte koers verlaat, sal jy agter jou 'n stem hoor sê: "Hier is die pad, loop hierlangs." Bestudeer die Bybel op jou eie en saam met megelowiges elke keer as jy die kans kry.

Hoeveel tyd het jy die afgelope week in stilte met die Here deurgebring? Hoeveel keer het jy Sy stem gehoor uit die Woord? Hoeveel keer het Hy jou stem gehoor in gebed?

Hy sal sy volk wat op Hom vertrou en by Hom stil raak, seën. Hy sal Assirië uitwis. Sy seën sal in oorvloed op die hele land rus.

Afsluiting

Hier aan die begin van die jaar, kom ons gee opnuut aan die Here oor. Kom ons vind, soos 'n baba in sy ouers se arms, ons rus in Hom. Kom ons leef biddend met die Bybel voor ons oop. Ons krag lê in stil wees en vertrou hê.

Amen

Die baie grootse, sterk, betroubare, magtige, heilige, onkritiseerbare God gee vir jou Sy persoonlike versekering: "As jy wegstap van alles wat jou "minder" maak en terugkeer na My toe...en as jy ophou besig wees en woel, en rustig raak – soos wanneer jy die ligte afskakel voor jy gaan slaap...sal Ek jou verdedig teen dinge wat jou kan afbreek; sal Ek keer dat enigiets jou "minder" maak...

Jy sal die moed kry om op die regte manier voort te gaan met jou lewe...

As jy by My tot rus kom en kalm raak, sal jy in My krag kan staan teen die aanslae van die lewe; tevrede met jouself en jou lewe; rustig in My liefde...

As jy in My vertrou, kan Ek jou beskerm en beveilig. Hierdie kalmte, vrede en sekuriteit word 'n werklikheid wanneer jy een word met My; wanneer ons aan mekaar verbind is...

Maar jy moet hiervoor "ja" sê...

Jy moet hiertoe toestem...

Ek kan jou nie dwing nie, jy het die vryheid om te kies..."

Wat kies jy?

[Voorstel vir skakel in kuberamma](#)

Preke

Die duiwel sê vir die bese magte : "Hou hulle [Christene] besig met belangrike, maar nie-noodsaaklike dinge. Maak hulle programme oorvol. Sorg dat hulle werk soveel as moontlik tyd en energie van hulle vat. Laat hulle dink dat hulle onmisbaar is. Hou hulle te besig om tyd met hulle kinders deur te bring. Bombardeer hul verstand sodat hulle dit onmoontlik vind om stil te word. Sorg dat die radio, selfoon en rekenaar altyd aan is waar hulle ookal gaan. Trek hulle aandag af sodat hulle nie kans het om 'n intieme verhouding met Jesus te bou deur gereeld met Hom tyd deur te bring nie." [Ons krag is in stil wees.](#)